



eduresourceza.com

Die dans van die reën – Eugène N Marais

Die dans van die reën

Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn

- 1 O die dans van ons Suster!
2 Eers oor die bergtop loer sy skelm,
3 en haar oge is skaam,
4 en sy lag saggies.
5 En van veraf wink sy met die een hand;
6 haar armbande blink en haar krale skitter;
7 saggies roep sy.
8 Sy vertel die winde van die dans
9 en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.
- 10 Die grootwild jaag uit die vlakke,
11 hulle dam op die bulttop,
12 wyd rek hulle die neusgate
13 en hulle sluk die wind;
14 en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
- 15 Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
16 en hulle kruip nader en sing saggies:
17 “Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!”
- 18 En haar krale skud,
19 en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
20 Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
21 sy trap af van die hoogte;
22 sy spreid die vaal karos met altwee arms uit;
23 die asem van die wind raak weg,
24 O, die dans van ons Suster!

Agtergrond

Is eers **Lied van die reën** genoem.



- Jan Konterdans was die eerste Boesman wat 'n viool met vier snare van ratelsenings gemaak het.
 - Toe dit vir lank nie wou reën nie, het hy op sy viool gespeel en dit het begin reën.
- Ons het dus hier te doen met die vreugde van die woestynbewoners (Khoisan) oor die reën.
 - Reën – iets wat baie seldsaam in die woestyn is.
- Groot Woestyn = Die Kalahari.

Spreker

Jan Konterdans (subtitel) is hier aan die woord.
 Jan Konterdans = vioolspeler
 Ek-spreker: 'n Lid van die Korannavolk.

Tema

Opgewondenheid oor die reën.

Stemming/Toon

Gelukkig/vreugdevol

Boodskap

Ons moet ons verheug oor die reën.

Vrye vers

- geen vaste rymskema nie.
- lengtes van die versreëls verskil.



Tipografie/Struktuur/Bou

Uiterlike bou:

- Subtitel
- 4 strofes
- 24 versreëls
- Inkeping – beklemtoon die reël wat volg.

Innerlike bou:

Progressie

Die reën is eers ver en beweeg dan al hoe nader en later sak die reën oor die hele woestyn uit.

- Hulle raak bewus van die reën.
- Dit begin saggies reën.
- Dan al hoe harder.
- Uiteindelik reën dit oor die hele woestyn.

Strofe 1

1	O die dans van ons Suster!
---	----------------------------

Die reën word as 'n inboorlingvrou (native) gesien wat dansend oor die aarde gaan.

- **Suster (reën)** word deur die hele gedig met 'n hoofletter geskryf om die woestynbewoners se respek/eerbied wat hulle vir die suster het, te beklemtoon.
 - Suster - die naam van die reën.
 - Familie
 - Die suster bring verligting van die droogte.
- “O” dui die emosie van vreugde/ekstase/blydschap/opgewondenheid oor die reën.
 - Die spreker is gelukkig oor die reën.
- ! - beklemtoon die woestynbewoners se opgewondenheid.

Alliterasie van s-klank: beklemtoon die vreugde wat ervaar word.

2	Eers oor die bergtop loer sy skelm,
---	-------------------------------------

Versreëls 2-5 is die reën nog ver.

Die woestynbewoners raak bewus van die naderende reën toe dit nog ver buite die woestyn is.

- loer sy skelm = reën nog baie ver/'n distansie weg.
 - Skelm = ondeund/stout/geheimsinnig
- Eers – word eerste geskryf = INVERSIE (Omgekeerde woordorde)



3	en haar oge is skaam,
4	en sy lag saggies.

oge = oë

Die eerste tekens van die reën word as 'n jong vrou voorgestel wat *loer* en *lag*.

- skaam = reën is ver/reën wys net-net.
- lag saggies = donderweer (sagte dreuning)

Assonansie van a-klank: "lag saggies"

5	En van veraf wink sy met die een hand;
---	--

Personifikasie.

Sy (reën) is nog ver, maar nou maak sy KONTAK met die mense/diere.

- Sy roep die woestynbewoners en vertel hulle sy is op pad.
 - Sy gee hulle 'n teken dat sy op pad is.

Polisindeton: Herhaling van die voegwoord "en" in reël 3-5.

6	haar armbande blink en haar krale skitter;
---	--

Metafoor/figuurlike taalgebruik.

Hulle sien die blitse/weerlig in die verte.

- Die weerlig is nou hier.
- Weerlig = wink, blink, skitter
- Juwele/Juweliersware = armbande, krale (Mooimaakgoed wat 'n bruid sal dra as sy trou)
- Sigsintuig: SIEN die weerlig/blitse
- Blink & skitter = sinonieme

7	saggies roep sy.
---	------------------

Hulle hoor die gerammel van die donderweer.

- Gehoorsintuig: HOOR die donderweer
- Saggies: donderweer nog ver

8	Sy vertel die winde van die dans
9	en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Sy praat met die wind en sy nooi hulle uit om aan die fees (bruilof) te kom deelneem.

- Die suster (reën) gaan met die woestyn trou.
 - Dit is 'n groot geleentheid.
- Wurf = groot Kalahari/baie plek.
- Alliterasie – herhaling van die "w"-klank.

Graad 12 EAT: Die dans van die reën

- Bruilof = Troue
- Personifikasie: Die reën vertel die wind en nooi hulle uit.

Strofe 2

Ons sien nou die reaksie van die natuur op die naderende (approaching) reën.

10 Die grootwild jaag uit die vlakte,

grootwild = groter diere (wildsbokke)



jaag = hardloop



Die grootwild doen TWEE dinge om die reën te verwelkom:

- Die grootwild gaan die suster tegemoet.
- In versreël 11 vergader hulle op die toppe van die duine.

Dit wys die grootwild se opgewondenheid.

11 hulle dam op die bulttop,

Die grootwild (hulle) vergader (dam) op die toppe van die sandduine.

- Hulle kom op die top van die sandduine bymekaar.
- Hulle “jaag”/hardloop want hulle is baie opgewonde oor die reën.
- “bulttop” – plek waar hulle (diere) bymekaar gekom het.

In die volgende 3 reëls (12-14) beleef die grootwild die reën met hulle sintuie.

12 wyd rek hulle die neusgate

Hulle snuif/ruik die reën = reuksintuig

13 en hulle sluk die wind;

Hulle proe die reën = smaaksintuig

- Die wind waai sterker = sluk die wind.

14 en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

Fyn spore = is die teken van die eerste fyn reëndruppeltjies wat hulle in die sand sien = sigsintuig/visuele sintuig

- Hulle buk – wys eerbied/onderdanigheid aan die reën.
 - Hulle buk om die reën te sien want dit is 'n seldsame verskynsel in die woestyn.

Sinestesie (versreëls 12-14) = die reën kan geruk, geproe en gesien word.

Strofe 3

15 Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,

kleinvolk = insekte wat onder die grond woon.



- sleep van haar voete = die insekte HOOR die reën wat op die grond val = gehoorsintuig.
 - Die reën wat val, klink vir die insekte soos die sleep van voete.

16 en hulle kruip nader en sing saggies:

Die insekte kom na die oppervlakte – kruip nader.

- Hulle verwelkom die reën met hulle sagte stemmetjies.
 - Hulle sing saggies.
- Hulle KRUIP nader – hulle wys eerbied/respek/onderdanigheid

Alliterasie – herhaling van die “s”-klank.

Dubbelpunt – verduideliking gaan volg.

17 “Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!”

Herhaling = beklemtoon hulle blydskap oor die reën wat gekom het.

Suster in hoofletters = Die woestynbewonders respekteer haar (die reën). / Haar belangrikheid word beklemtoon.

Aanhalingstekens: Direkte woorde van die kleinvolk.

Strofe 4

18 En haar krale skud,

Dit reën nou harder.

Metafoor

- Donderweer kan nou hard gehoor word.

19 en haar koperringe blink in die wegraak van die son.

Metafoor

- Koperringe blink = weerligstrale
 - Weerligstrale blink in die son.
 - Die son is besig om weg te raak/verdwyn as gevolg van die reën.
 - Die wolke gaan voor die son in.



20 Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;

(versreëls 20-24) – klimaks

berggier = arend/berghaan
vuurpluim – rooi



- Die reën (suster) is die bruid.
 - Sy dra die kroon (vuurpluim) van die arend (berggier).
 - ✚ Sy dra die kroon want sy is die belangrikste gas by hierdie fees.

Graad 12 EAT: Die dans van die reën

21	sy trap af van die hoogte;
----	----------------------------

Die reën val nou oor die hele vlakte.

- Aan die begin was die reën nog ver en toe oor die duine en NOU oor die hele vlakte.
- Die bruid/suster/reën het opgedaag.

22	sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
----	--

karos = 'n groot kombers

Die reën bedek die hele aarde (kombers = groot).

- Die vaal karos is die bruid se rok.
- altwee arms uit – dit reën nou baie hard.
- Vaal karos = reënbui.



23	die asem van die wind raak weg,
----	---------------------------------

Personifikasie.

Die wind hou op met waai as gevolg van die reën wat nou hard val.

24	O, die dans van ons Suster!
----	-----------------------------

Herhaling van versreël 1 = refrein

- “O” beklemtoon die woestynbewoners se vreugde en blydschap oor die reën.
- Die reën is 'n dansende vrou en ook hulle suster (familie).
 - Alles wat die suster (reën) in die gedig doen, kan met een woord saamgevat word – “DANS”

Die suster OORHEERS die hele toneel.

- Aan die begin is sy skaam en skugter, maar later neem haar heerskappy toe.

Inkeping: Beklemtoning

Uitroepteken: Almal is baie opgewonde oor die reën se koms.

VRAE:

- 1 Deur wie se oë sien ons die reën naderkom en uitsak? (1)
- 2 Van watter EEN WOORD lei ons af dat die spreker in ekstase/bly was oor die reën wat kom? (1)
- 3 Wat is die funksie van die "O" in versreëls 1 en 24? (1)
- 4 Waarom spreek die woestynbewonders die reën as "ons Suster" aan? (1)
- 5 Wat word die reën genoem? (1)
- 6 Hoekom is dit gepas om die reën met 'n jong vrou te vergelyk? (1)
- 7 Wie of wat is "ons Suster"? (1)
- 8 Ons lees gedurig in die gedig van "ons Suster".
Noem ten minste DRIE groepe woestynbewoners waarna "ons" kan verwys. (3)
- 9 Waar was die reën toe dit vir die eerste keer deur die woestynbewoners opgemerk is? (1)
- 10 Noem DRIE dinge wat ons Suster gedoen het om aan te dui dat sy nog ver was. (1)
- 11 Voltooi die sinne telkens met slegs EEN WOORD.
 - 11.1 Sy ... skelm oor die bergtop. (1)
 - 11.2 Sy ... saggies. (1)
 - 11.3 Sy ... die winde van die dans. (1)
- 12 Watter sintuig gebruik die grootwild in versreël:
 - 12.1 12 (1)
 - 12.2 13 (1)
 - 12.3 14 (1)
- 13 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit die eerste strofe aan wat bewys dat die Suster aanvanklik skugter was. (1)
- 14 Waarmee is die reën in die eerste strofe vergelyk? (1)
- 15 Pas die woorde in KOLOM B by die sin in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer, bv. 15.4 D.

KOLOM A	KOLOM B
15.1 Die tema van die gedig.	A dans
15.2 Die reën is 'n familielid.	B Ons Suster

15.3 Die aktiwiteit is 'n bewys van blydschap.	C 'n jong vrou
	D blydschap

(3)

- 16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die “armbande blink” en “krale skitter” (versreël 6) verwys in die gedig na ...

- A donderderweer.
- B reënbuie.
- C miswolke.
- D weerlig.

(1)

- 17 Watter SES dinge het ons Suster in strofe 1 gedoen as deel van die dans?(6)

- 18 Haal TWEE versreëls aan wat daarop dui dat 'n mens 'n dreuning van veraf kon hoor. (2)

- 19 Hoe het ons Suster 'n teken gegee om die woestynvolk voor te berei dat sy op pad was? (1)

- 20 Haal TWEE APARTE WOORDE aan wat na die weerlig wat blits, verwys. (1)

- 21 Wat is die suster se lag waarna daar verwys word? (1)

- 22 Waarmee is die weerligstrale in die verte vergelyk? (1)

- 23 Haal 'n VERSREËL aan wat na die weerligstrale in die verte verwys. (1)

- 24 Wat gebeur as die Suster met haar een hand wink? Noem TWEE dinge. (2)

- 25 Met wie het ons Suster in strofe 1 gekommunikeer en watter uitnodiging het sy aan dit gerig? (2)

- 26 Wat word die geleentheid wat in die woestyn gaan plaasvind, genoem? Haal slegs EEN WOORD aan. (1)

- 27 “Bruilof” sinspeel op 'n fees. Hoekom is die koms van die reën so 'n vreugdevolle gebeurtenis? (1)

- 28 Waarom kan die “Suster” so baie gaste na die bruilof nooi? (1)

- 29 Waaruit kan ons aflei dat die reën moontlik die bruid is? (1)

- 30 Hoe het die spreker na die groot area waar dit gaan reën, verwys? Haal 'n gedeelte van 'n versreël aan. (1)

- 31 Die wind word uitgenooi om te kom deel in die feesviering.

- Het die wind toe opgedaag? Motiveer jou antwoord met 'n versreël uit die gedig. (1)
- 32 Aan die begin van strofe 1 oorheers ons Suster nie.
Haal VYF woorde aan om die mindere rol van die Suster te beklemtoon. (5)
- 33 Voltooi die sin met EEN WOORD. Die bruilof wat ter sprake is, is die bruilof van ons Suster en (1)
- 34 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat vir ons wys dat die Suster skugter was. (1)
- 33 Wie is in die gedig die ...
33.1 grootwild? (1)
33.2 kleinvolk? (1)
- 34 Wat het die grootwild gedoen om ons Suster te verwelkom? (1)
- 35 Waarom het die grootwild hulle neusgate gerek? (1)
- 36 Gee DRIE opeenvolgende woorde uit die gedig wat daarop dui dat die wind nou sterker gewaai het. (1)
- 37 Van watter EEN WOORD kan ons aflei dat die grootwild byna onderdanig aan ons Suster was? (1)
- 38 Waarom het die grootwild op die bulttop ontmoet? (1)
- 39 Gee TWEE opeenvolgende woorde uit die gedig wat daarop dui dat dit nou drup. (1)
- 40 Watter DRIE sintuie het die grootwild gebruik om die reën te beleef/ervaar? (3)
- 41 Gee 'n WOORD uit strofe 2 wat dieselfde betekenis het as "vergader". (1)
- 42 Wat word geïmpliseer met die woorde "sluk die wind" (versreël 13)? (1)
- 43 Waar het die grootwild bymekaargekom? (1)
- 44 Waarom, dink jy, het julle juis op hierdie spesifieke plek bymekaargekom? (1)
- 45 Haal VYF opeenvolgende woorde aan wat na die eerste fyn reëndruppels verwys. (1)
- 46 Voltooi die sin.

In strofe 2 word die eerste reëndruppels op die grond (46.1) ... genoem en in strofe 3 word dit (46.2) ... genoem. (2)

- 47 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die feit dat die grootwild nie net die reën ruik nie, maar ook na die spore van die reën kyk, impliseer dat hulle nie kan glo dat ... nie.

- A dit reën nie.
- B die wind waai nie.
- C daar 'n bruilof is nie.
- D hulle in die woestyn is nie. (1)

- 48 Waar het die kleinvolk teen die hitte van die woestyn geskuil? (1)

- 49 Watter sintuig het vir die kleinvolk gewys dat dit gaan reën? (1)

- 50 Wat het die kleinvolk gedoen om die reën te verwelkom? (1)

- 51 Waarna verwys “sleep van haar voete” (versreël 15)? (1)

- 52 Hoe word die blydschap van die kleinvolk oor die koms van die reën, beklemtoon? (3)

- 53 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.
Reël 15: “die kleinvolk diep onder die grond...” is ‘n voorbeeld van (alliterasie/assonansie). (1)

- 54 Wat word met die WOORD “kruip” geïmpliseer? (1)

- 55 Hoe word daar na die eerste reëndruppels verwys soos wat die ...

- 55.1 grootwild dit sien? (1)

- 55.2 kleinvolk dit hoor? (1)

- 56 Wanneer het die wind opgehou waai? (1)

- 57 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van versreël 16? (1)

- 58 Verduidelik versreël 18 in jou eie woorde. (1)

- 59 Gee EEN WOORD uit strofe 4 wat dieselfde betekenis het as “berg” of “bult”. (1)

- 60 Haal EEN versreël aan wat daarop dui dat ons Suster met ‘n koningin vergelyk word? (1)

- 61 Wat is ‘n berggier? (1)

- 62 Haal die versreël aan wat daarop dui dat die reën nou swaar uitsak. (1)
- 63 Wat het ons Suster se krale gedoen voordat die reën begin uitsak het? Gee slegs EEN WOORD uit die gedig. (1)
- 64 Watter TWEE dinge het verdwyn voordat die reën uitgesak het? (2)
- 65 Waarmee het die spreker die kleur van die son vergelyk voor dit hard begin reën het? (1)
- 66 Watter roofvoël word in die gedig genoem? (1)
- 67 Haal uit Strofe 4 telkens EEN VERSREËL aan om te bewys dat die stellings WAAR is.
- 67.1 die reën beweeg nader en sak uit. (1)
- 67.2 die reën vou die omgewing toe onder 'n reënkombers. (1)
- 68 Verduidelik versreël 21 in jou eie woorde. (1)
- 69 Haal die woord aan wat vir ons wys dat die Suster vrylik gee. (1)
- 70 Wat word die bruidskleed in die gedig genoem? (1)
- 71 Wat is die tema van die gedig? (1)
- 72 Beskryf die atmosfeer/stemming wat in die gedig heer. (1)

ANTWOORDE:

1. Die woestynbewoners (1)
2. "O" (1)
3. Dit dui op die woestynbewonders se opgewondenheid oor die koms van die reën. (1)
4. Die diere en mense is afhanklik van haar en het respek vir haar. Sy bring verligting van die droogte. (1)
5. "Suster" (1)
6. Dit is 'n simbool van vrugbaarheid, net soos die reën wat groei in nuwe dinge meebring. (1)
7. Die reën (1)
8. Mense, grootwild (groter diere), kleinvolk (insekte) (3)
9. Agter die bergtop (1)
10. * Sy loer skelm met skaam ogies
* Sy lag saggies
* Sy wink met haar hand (3)
- 11.1 loer (1)
- 11.2 lag (1)
- 11.3 vertel (1)
- 12.1 reuksintuig (1)
- 12.2 smaaksintuig (1)
- 12.3 sigsintuig (1)
13. "Eers oor die bergtop loer sy skelm" (1)
14. Ons Suster / 'n Bruid (1)
- 15.1 D
- 15.2 B
- 15.3 A (3)
16. D – weerlig (1)
17. * Sy loer skelm
* Sy lag saggies
* Sy wink met haar hand
* Sy roep
* Sy vertel die wind van die dans
* Sy nooi almal uit (6)
18. "en sy lag saggies", "saggies roep sy" (2)
19. Sy loer oor die bergtop (1)
20. "blink", "skitter" (2)
21. Die donderweer. (1)
22. Met armbande en krale / juwele / juweliersware (1)
23. "haar armbande blink en haar krale skitter" (1)
24. * haar armbande blink
* haar krale skitter (2)
25. Met die winde. Sy nooi die winde om in die bruilof te deel. (2)
26. "bruilof" (1)
27. 'n Bruilof verteenwoordig 'n nuwe lewe vir 'n man en vrou saam. Reën dui op nuwe lewe en groei. (1)
28. Die werf is wyd. (1)
29. Sy is mooi versier.- r.6: armbande, krale; r.19: koperringe; r.20: vuurpluim (1)
30. "die werf is wyd" (1)
31. Ja. "en hulle sluk die wind" (1)

32. "loer"; "skelm"; "skaam"; "saggies"; "wink"	(5)
33.1 Groter diere (wildsbokke)	(1)
33.2 Insekte	(1)
34. * Hulle jaag uit die vlakte / Gaan haar tegemoet	
* Hulle dam op die bulttop / Vergader / Kom bymekaar	(2)
35. Hulle ruik die reën.	(1)
36. "sluk die wind"	(1)
37. "buk"	(1)
38. Om die reën te verwelkom.	(1)
39. "fyn spore"	(1)
40. * Reuksintuig	
* Smaaksintuig	
* Sigsintuig	(3)
41. "dam"	(1)
42. Hulle proe die reën.	(1)
43. Op die bulttop	(1)
44. Hulle kan van daar af ver sien hoe die reën nader kom.	(1)
45. "fyn spore op die sand"	(1)
46.1 spore	
46.2 voete	(2)
47. A – reën nie	(1)
48. Diep onder die grond.	(1)
49. gehoor	(1)
50. Hulle sing saggies.	(1)
51. Die insekte hoor die reën wat op die aarde val.	(1)
52. * Herhaling van die woorde "Ons Suster/Jy het gekom"	
* Uitroepteken	
* Inkeping	(3)
53. assonansie	(1)
54. Die insekte wys eerbied/respek aan die Suster.	(1)
55.1 fyn spore	(1)
55.2 sleep van haar voete	(1)
56. Toe die reën hard begin val.	(1)
57. Die direkte woorde van wat die kleinvolk sing, volg.	(1)
58. Dit reën nou harder en die donderweer kan gehoor word.	(1)
59. "hoogte"	(1)
60. "Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier"	(1)
61. 'n Arend	(1)
62. 'sy spreid die vaal karos met altwee arms uit;"	(1)
63. "skud"	(1)
64. Die son en die wind	(2)
65. "vuurpluim"	(1)
66. "berggier"	(1)
67.1 'sy trap af van die hoogte;"	(1)
67.2 "sy spreid die vaal karos met altwee arms uit;"	(1)
68. Dit reën nou oor die hele vlakte.	(1)
69. "sprei"	(1)
70. 'n karos	(1)
71. Opgewondenheid oor die reën.	(1)
72. Blydschap/Vreugde/Gelukkig	(1)